

2
dae

12
spanne

72
spelers

24 & 25 OKTOBER



HOE WERK DIE DCL?



2025



VOORSTELLING:

Welkom by die Six-a-Side Kriekettoernooi – Terug vir 2025!

Na 'n onvergeetlike debuut in 2024 – met 12 vurige spanne, elektriese pienkbal-aksie en 'n skare-pompende atmosfeer – is die ikoniese Six-a-Side weer hier... en 2025 gaan alles oortref wat jy gedink het moontlik is.

Hierdie jaar brand die veld letterlik van aksie met dieselfde 12 spanne – versterk met nuwe ingevoerde talent – wat meeding in epiese veldgevegte, terwyl die vermaak langs die veld die energie regdeur die dag aan die gang hou. Of jy nou agter die glorie aanjaag, jou span ondersteun, of net die unieke atmosfeer wil inasem – hierdie is nie net 'n kriekettoernooi nie... dis 'n fees van sport, trots en gemeenskap.

Raak deel van die aksie en beleef die hartklop van Hoërskool Durbanville se kriekettrots – soos jy dit nog nooit gesien het nie.

DIE 12 SPANNE IS:



#trotsdurbanville

FORMAAT:



Wedstryd:

- Alle normale krieketreëls geld, behalwe vir 'n paar nuutskeppings vir dié toernooi.
- 'n Wen tel 2 punte, 'n draw 1 punt elk en 'n verloor tel 0 punte.
- 'n Bonuspunt sal toegeken word aan enige kolfspan wat 55 of meer lopies behaal.
- 'n Bonuspunt sal gegee word aan enige boulspan wat die ander span kan uitboul (al 6 kolwers is uit).
- Wedstryde sal 5 boulbeurt lank wees per innings.
- Die bouler se aanloop is beperk tot 5m
- 8 bal overs is die maksimum.
- 'n Wedloper (wide) tel 3 lopies en die bal moet oorgeboul word tot 'n maksimum van 8 balle per over.
- 'n Bouler mag net 1 kortbal boul per over. (Kortbal: word beskou as bo die skouers.)
- Enige foutbal (no-ball): voorvoet, heuphoogte, tweede kortbal of veldversteuring, sal ook 3 lopies tel en die volgende WETTIGE BAL word beskou as 'n free-hit.
- Op die free-hit, mag veldplasinge NIE verander tensy die kolwers geruil het nie.
- Paaltjiewagters hoef nie beenskatte of paaltjiewagter handskoene te dra nie.
- Indien 5 paaltjies plat is, mag die sesde kolwer aanhou kolf met 'n runner totdat hy uit is of totdat die 5 over voltooi is.
- Wanneer 'n kolwer 30 lopies geslaan het, moet hy verklaar (declare).
- Indien die span wat tweede kolf die wenteiken (target) bereik, is die wedstryd klaar.
- Lotings (toss) word 30 minute voor die wedstryd plaasvind.
- NB: Wedstryd 1 tussen SPAN 1 en SPAN 2 sal hul eerste beurt (innings) voltooi en van die veld afkom. Dan sal Wedstryd 2 tussen SPAN 3 en SPAN 4 die veld betree en hul eerste beurt (innings) voltooi. Daarna sal Wedstryd 1 hul TWEEDE beurt (innings) voltooi en daarna Wedstryd 2.
- Spanne registrasie is 07:00 en die eerste wedstryd sal al 08:00 begin.
- Twee umpires sal beskikbaar wees per game. Hul besluitneming is finaal.
- Indien twee spanne in hul groep met dieselfde hoeveelheid punte opeindig, sal die span met die meeste lopies deurdring. Indien dit ook dieselfde is, sal die span wat die meeste paaltjies geneem het deurdring.

#trotsdurbanville

FORMAAT VOLG:



Spanne:

Die spanne sal gelyk opgedeel wees met 3 juniorspelers (o/14 en o/15) en 3 seniorspelers (o/19) wat vir jou 'n total gee van 6 per span. Dit beteken dat 72 krieketseuns neem deel. Elke span sal 'n kaptein hê, minstens 1 o/19A speler en 'n geallokeerde paaltjiewagter.

Boulbeurt:

- Die eerste en laaste overs se grenshoue (boundaries) tel dubbel. Met ander woorde, 6'e = 12 lopies en 4'e = 8 lopies.
- 'n Junior bouler moet OF die EERSTE over OF die LAASTE over boul.
-

Kolfbeurt:

- As daar in die eerste en laaste over paaltjie(s) val, word 5 lopies ook van die totaal afgetrek per paaltjie. Met ander woorde as die kolfspan op 8/0 staan in die eerste over, verloor hulle 'n paaltjie en sal dus op 3/1 staan. Dit geld ook vir die laaste over.
- 'n Junior kolwer MOET deel wees van die aanvangskolwers (openers).

Veldwerk:

- 'n Span mag hul veld stel nes hul wil. Daar is geen veldversperrings nie.
- Enige "run-outs" gedurende 'n boulbeurt sal veroorsaak dat die kolfspan 5 lopies verloor.
- Op die free-hit, mag veldplasinge NIE verander NIE, tensy die kolwers geruil het nie.
- Terwyl die bouler inhardloop, mag daar nie versteurings plaasvind nie.

#trotsdurbanville

BEPALINGS:



VRYDAG 24 OKTOBER

EERSTE POOL WEDSTRYDE
15:00 - 16:40
A & B VELD

10 MINUTE BREUK

TWEEDE POOL WEDSTRYDE
16:50 - 18:30
A & B VELD



SATERDAG 25 OKTOBER

DERDE POOL WEDSTRYDE
08:00 - 9:40
A & B VELD

10 MINUTE BREUK

DERDE POOL WEDSTRYDE
08:00 - 9:40
A & B VELD

10 MINUTE BREUK

TROFEE, PLAAT EN SKILD SEMI'S
10:05 - 12:35
A & B VELD

PLAAT EN SKILD FINAAL
12:35 - 14:15
A & B VELD

10 MINUTE BREUK

FINAAL TROFEE
14:25 - 16:15
BEIDE OP A VELD

PRYSUITDELING OM 16:45

PRYSUITDELING:

Na die afloop van die Finaal sal daar pryse uitgedeel word vir die volgende afdelings:

Beste Kolwer
Beste Bouler
Beker Wenner
Skild Wenner
Plaat Wenner

#trotsdurbanville